Gebed brief week 2 - 30 Julie 2018

My dierbare broer / suster in Christus.

Ons trek al by week 2 van ons Tipping point gebed reis. Ons by Moreleta Park Gemeente gebed vertrou dat jy al besig is om 'n idee te vorm van waaroor die hele Tipping point inisiatief gaan. Kortliks gestel, dit gaan daaroor dat ons weergebore gelowiges landwyd oproep tot gebed vir ons land en al sy volkere, om sekere kritieke (tipping point) sake in gebed voor die Here te bring.

Hierdie onderwerpe is apart gelys in die site onder die opskrif "Onderwerpe vir gebed". Jy sal oplet dat die onderwerpe gelys is op so 'n manier dat daar elke dag van die week vir 'n verskillende saak ingetree word, met uitsondering van die hofsaak 21 Augustus wat ons insiens so krities is dat ons vra vir daaglikse gebed daarvoor.

Ons laat vir hierdie week die gebed onderwerpe onveranderd van die vorige week, terwyl almal nog besig is om hulle "gebed voete" te vind. Probeer daagliks intree vir die Tipping point saak vir die weeksdag, asook vir die hofsaak asseblief.

Nogmaals dankie dat jy bereid is om die pad saam met ons ge stap – wees verseker die Here sien jou opoffering en toewyding raak en sal op die gepaste tyd jou beloon. (Matt. 6:6)

Om die erns van die hofsaak 21 Augustus te onderstreep – hiermee 'n uittreksel uit Forsa.org website – besoek gerus forsa.org.za vir meer detail en inligting.

"A very important case is being heard in the Pretoria High Court on 21st August 2018 which could potentially have dire implications for the autonomy of the Church – and indeed the broader religious community – in South Africa. ..... This case has morphed into one which potentially challenges the ability of each denomination, church or religious grouping to set their own doctrine and to be entitled to govern their internal affairs according to their own interpretation of their religious doctrine. Should the Court agree with the CGE's position, it will effectively mean that churches and religious organisations can be forced to adopt certain "politically correct" doctrinal positions, even if such positions go directly against their religious convictions and beliefs."

Tot volgende week.

Seënwense

MPG gebed span